

Ons is so bly dat ons hierdie jaar se KIX missionale projek, KiXsibindi, aan julle kan bekendstel!

KIX het van altyd af ‘n sending hart en daarom kies ons elke jaar ‘n spesiale projek om te ondersteun. Hierdie jaar ondersteun ons Isibindi, wat deel vorm van Echo Jeugontwikkeling. Isibindi het hul eie NPO nommer sedert 2021 vanweë die wye werk waarmee hulle in die Wes-Kaap besig is. Isibindi beteken “Courage”/moed en hulle pak hulle projekte met hierdie moed en ywer aan.

Isibindi is besig op die volgende terreine:

- Hulle bedryf **huise** in Table View, Ysterplaat, Stellenbosch en Paarl. Hier word jongmense vanuit minderbevoorregte omstandighede gehuisves in gesonde gemeenskappe, spesifiek jongmense wat kinderhuise moet verlaat wanneer hul 18 jaar oud word. Klem word gelê op die aanleer van vaardighede soos wasgoed doen, kook, skoonmaak en om ‘n onafhanklike jong volwassene te word. Hulle leer om hul getuigskrifte op te stel, aansoek te doen vir werk en voor te berei vir onderhoude. Hulp word verskaf om verder te studeer.
- In Calitzdorp word gefokus op **Jeug ontwikkeling**. Calitzdorp Isibindi help en ondersteun jongmense om te matrikuleer en verder te leer. Dit gee ‘n ander alternatief as om net so vroeg as moontlik op te hou skoolgaan en net te probeer oorleef. Isibindi help en ondersteun jongmense om aansoek te doen vir studies en beurse en help dan met vervoer, verblyf en ander tipiese studente behoeftes. Die hele Isibindi familie gaan ook een keer in ‘n jaar na Calitzdorp vir ‘n gemeenskapsuitreik.
- Die **Ysterplaat koshuis** is ‘n veilige huis weg van die huis af. Hierdie fasiliteit is vir hoërskool leerders waar hulle kan slaap, studeer en voedsame kos kry. Soms is hul eie huise onveilig en is daar nie voldoende sorg nie. Die meeste van hierdie kinders word raakgesien omdat daar met hulle ‘n verhouding gebou is by die Ysterplaat Nasorg sentrum.
- **Ysterplaat Nasorg sentrum** is ‘n vrolike plek waar kinders na skool kom, ‘n gebalanseerde maaltyd geniet en hulp kry met hul huiswerk. Hierdie is baie keer die enigste maaltyd van die dag, en spesiale aandag word gegee aan wiskunde, tale en ander behoeftes. Daar word selfs nou en dan Joga aangebied en daar is gereeld sokker oefeninge. Kinders gaan dan huis toe rondom 17:00 in die middag.
- Donderdae aande word daar **uitgereik**. Ysterplaat en Table View werk saam en nooi die gemeenskap om saam met hulle te kom aandete eet en saam aanbid. Een keer in ‘n maand is daar ook ‘n spesiale Sondag erediens vir almal.

Die KIXSIBINDI projek wil graag Isibindi en hul uitsonderlike bediening versterk, en daarom vat ons in 2024 handeom KIX groepe meer te leer oor Isibindi en hul projekte. Ons stel voor dat groepe rekkies, toutjies en kraletjies versamel om vir kinders armbandjies te maak saam met hierdie projek. Met elke keer wat KIX kollekte gebring word, kom daar nog ‘n kraletjie by die armband. Prakties sal dit maklik werk om vir bywoning en kollekte elke keer ‘n kraletjie op ‘n bladsy in te kleur, en aan die einde van die eerste kwartaal ‘n eerste armbandjie te maak. Letter kraletjies wat kinders se eie name, Isibindi en Jesus spel, kan vir verskillende kwartale gebruik word.

PROJEKLES

WELKOM

Speel hierdie lekker ysbreker speletjie met jou groep: Deel ‘n groot groep in kleiner groepies op of speel in een groep die volgende: Hou ‘n A4 blad met ‘n letter in die lug, en die groep moet die letter namaak met hul lywe, arms en bene. Hulle mag plat lê op die grond en hul liggame buig om die letter te vorm, of hulle kan regop staan. Almal moet saam 1 letter vorm. Gebruik die letters K, I, X.

Kyk nou of elkeen op sy eie ‘n letter kan vorm met sy lyf. Gee vir elkeen ‘n ander letter om uit te beeld. Begin met elkeen se letter waarmee hul naam begin. Indien daar genoeg “letters” is, kan jy ‘n woord roep wat ouer kinders kan spel met hul lywe. Eindig met die woord ISIBINDI.

Ek wonder of iemand weet wat die woord ISIBINDI beteken. Dit is ‘n Zoeloe woord wat *courage*, of moed beteken. Gesels ‘n oomblik oor iemand waaraan julle kan dink wat baie moed het.

WYDING

Sing van die liedjies wat vir julle groep bekend is en wat bewegings by het.

WOORD

Vandag wil ek vir julle ‘n storie vertel. Die storie se naam is Benoude Bindi word Brawe Bindi. *(Druk die prentjie van Bindi uit op karton en plak dit vas teen ‘n liniaal, of maak ‘n handpop deur ‘n lang sokkie te vat en 2 ogies en ‘n mussie - sommer ‘n kleiner sokkie - daaraan vas te werk.)*

Benoude Bindi sit en bewe. Dis koud en hy is honger, maar langer kan hy nie meer hier bly nie. Bindi se mense wat vir hom moet sorg is al weer weg van die huis af en hy weet nie wanneer hulle ooit weer gaan terugkom nie. Die lewe op straat vir ‘n wurmpie soos hy is moeilik en swaar. Benoude Bindi weet hy kan nie sit en wag dat iemand hom moet help nie – hy sal self ‘n plan moet maak.

Hy het al gesien, die ander wurmpies soos hy wie se ouers nie na hulle kyk nie, raak slegte wurms wat net heeldag op straathoeke staan en bedel – hulle maak ander wurms seer en dink nie eers dit is verkeerd om ander se goed te vat vir hulself nie. Maar Bindi is benoud. Hy is nog maar net ‘n kind en om alleen te gaan hulp soek, is nie maklik nie. Dalk is dit nie so sleg om straatwurm te wees nie. Partykeer gooi mense goed weg by hul karvensters uit wat nie heeltemal oud en sleg is nie. Benoude Bindi maak somme. Hy het lank laas somme geleer toe hy in die skool was, maar nou kan hy nie eers skool toe gaan nie, en hy kry nie tyd om sy huiswerk te doen nie. Daar waar sy huis was, het ook nie genoeg krag gehad dat hy sy huiswerk kon doen saans nie – toe hou hy maar op skool toe gaan.

Bindi se lysie van dinge wat hom benoud maak, is korter as die lysie van dinge wat Bindi graag wil doen. Bindi besluit hy gaan vandag braaf wees. Eendag was hy by ‘n kerk gewees, en die dominee by die kerk het gelees van ‘n klein seuntjie, Dawid, wat braaf was, en van ‘n jong outjie, Josua, en van ‘n dogtertjie wat braaf genoeg was om vir haar baas te vertel van Jesus. Miskien, net miskien as hy ook braaf is, kan hy iets van sy lewe verander.

“Liewe Jesus, as U rêrig is, help my asseblief om vandag baie braaf te wees! Amen.” bid Bindi voordat hy begin kruip, net soos wurms maak. *(Gee hier kans vir kleiner kinders om ook ‘n entjie te kruip soos ‘n wurm, of die kruip beweging met hul vingers na te aap.)*

Brawe Bindi is moeg. Hy is heeltemal in ‘n ander dorp. Hy wens hy was langer in die skool dat hy beter kan lees wat op die borde staan waar hy verby is. Hy sien ‘n groen bordjie met ‘n wit rand. Hy weet dit is die naam van ‘n nuwe plek. Hy probeer stadig lees. *(Gaan julle hom help? Hou die naambord regop dat almal kan lees.)*

Ysterplaat. Miskien is hier hulp vir Brawe Bindi. Bindi onthou dat sy ouma altyd gesê het as jy verlore is, moet jy soek vir die naaste kerk. Bindi kyk rond op soek na ‘n kerk. *(Weet julle hoe kan Brawe Bindi die kerk op Ysterplaat kry? Dalk moet hy iemand vra, dalk kan hy soek vir ‘n kerktoring?)*

Bindi sien uiteindelik ‘n kerktoring. Moeg en met ‘n seer magie van al die seil kom hy by die kerk aan – raai wat? Net betyds vir middagete! Die kinders van die Nasorg sentrum het nou net van die skool af gekom en hulle sit reg om te bid en te eet. Sjoe, ‘n ou slaaiblaartjie sal darem lekker wees – en dalk is daar ‘n stukkie komkommer by! Bindi gaan sommer vinnig nader en baie braaf gaan stel hy homself voor.

Die oulike mense van ISIBINDI is baie bly om vir Bindi te ontvang. Hulle dink ook hy was baie braaf om te gaan hulp soek toe dinge by sy ouerhuis verkeerd geloop het. Miskien raak dinge daar beter dat hy weer kan teruggaan huis toe. Maar vir nou kan Brawe Bindi in die koshuis bly, skool toe gaan en daar is elke dag nuwe kos om te eet! Bindi is veilig!

Die Bybel was reg! ‘n Mens kan braaf wees al is jy klein, en die Here help jou altyd om op ‘n veilige plek te kom.

KIXSIBINDI

Daar is regtig ‘n plek met die naam van Ysterplaat, dit is naby aan die Kaapstad middestad en Milnerton. En daar is regtig ‘n koshuis en ‘n nasorg sentrum waar kinders wat nie veilig is by hulle huise nie, vir ‘n rukkie kan bly en versorg kan word. Donderdae aande maak hulle sommer vir almal wat in die omgewing bly kos en almal kan saam eet by lang tafels. (Deel gerus van die ekstra inligting rondom Isibindi en wys van die foto’s van hul webwerf.)

Hierdie jaar gaan ons vriende maak met die span van ISIBINDI. Ons gaan elke kwartaal ‘n bietjie meer leer van wat ISIBINDI doen, dalk gaan ons ‘n video boodskap kry en groepe wat naby aan Ysterplaat bymekaar kom, sal selfs kan gaan kuier! Onthou om elke week wanneer julle na julle KIX groepie kom, ‘n kollektegeldjie saam te bring. Hierdie geldjies gaan alles bymekaar gesit word om vir ISIBINDI te help om meer mense te help veilig wees!

WERSKAF

Sodat ons mekaar kan help onthou dat ons nou nuwe vriende het in Ysterplaat, gaan ons vriendskapsarmbandjies maak (friendship bracelets). Julle KIX groep kan self besluit of julle die inkleur armbandjies wil gebruik vir bywoning en dan 1 x kwartaal ‘n armbandjie te maak, en of julle sommer by elke geleentheid kraletjies wil by ryg aan armbandjies. Dit is goedkoop om dun rekkies of toutjies te gebruik, en as ‘n mens vir die gemeente vra vir ou kraletjies, kry jy sommer vinnig te veel om te gebruik. Indien julle kraletjies met die alfabet op kan kry, kan julle elke kwartaal ‘n ander bandjie maak met bv. die naam ISIBINDI, hul eie naam, KIX en Jesus of Liefde).

SLUIT AF

Bid vir maatjies wat ook soos Bindi benoud is en nie ‘n veilige huis het soos ons nie. Sê dankie vir die mense van ISIBINDI, en ander plekke soos hulle, wat die grootword wêreld van kinders veiliger maak.

Meer ISIBINDI inligting: https://isibindi.org.za/

https://www.instagram.com/isibindi_initiatives?igsh=MW1wZ3NmbXgxa2N6Zg==

https://www.facebook.com/isibindiCT?mibextid=ZbWKwL

BB

Ysterplaat



KiXsibindi



KiXsibindi



KiXsibindi



KiXsibindi



KiXsibindi